

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**  
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**  
(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk  
en Letterkunde)

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 120**

---

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
  - Beantwoord: EEN vraag uit Afdeling A  
DRIE vrae uit Afdeling B  
EEN vraag uit Afdeling C
- 
- 

**AFDELING A**  
**KREATIEWE SKRYFWERK**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord slegs EEN vraag van 40 punte.
- Skryf die nommer van die vraag wat jy kies, neer.
- Hou by die vereiste lengte.
- Besin en beplan deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer **450 – 550** woorde wees.

Jy het gedurende die afgelope paar jaar in Afrikaans-onderrig met skryfwerk oor ? wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

Hou die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas

VRAAG 1

1.1



(Uit: *Beeld*, 18 Februarie 2005)

Mense het dikwels irriterende klein gewoontetjies wat ander mense wil gek maak, terwyl hulle sêlf nie eens daarvan bewus is nie. **Beskryf** sulke gewoontes van mense wat jy ken of mense met wie jy te doen kry.

(40)

OF

1.2

## Olifant afgesonder ná gids se dood

CHRIS KARSTEN  
Krynsna

'n Groot vraagteken hang oor Harry se groot kop. Is hy 'n "moordenaar", of was dit net 'n tragiese ongeluk toe hy 'n gids doodgetrap het?

Organisasie wil withaai jag ná aanval op twee studente  
Moenie die haai vir aanval straf nie

Dikwels hoor ? mens dat diere van kant gemaak moet word nadat hulle mense aangeval het. Maar is dit altyd die dier se skuld? Dink jy dis reg dat die dier altyd moet boet? Lug jou mening hieroor in ? **beredenerende skryfstuk**.

(40)

OF

1.3 Bianca le Grange, pop-idol, huldig die standpunt: **Jou houding teenoor die lewe bepaal die lewe se houding teenoor jou**. Stem jy saam met haar?

**Bespiegel** hieroor.

(40)

OF

b.o.

1.4



(Uit: *Beeld*, 7 April 2005)

Skrif ? verhaal met die titel: **Spyt kom altyd te laat.**

(40)

OF

1.5 Daar word deesdae dikwels beweer dat ouers die slawe is van hulle kinders en dat ons leef in die eeu van gehoorsame ouers. Skrif ? **artikel** gerig op ouers hieroor.

(40)

OF

1.6 Sonder drome sou Thomas Edison nie die gloeilamp uitgevind het nie. Die Wright-broers sou nie die vliegkuns aangedurf het nie en pres. J.F. Kennedy sou nie ? man maan toe gestuur het nie. Spesiale mense? Nee. Hulle was ook gewone mense wat hul ideale waar gemaak het.

Wat is jou ideale en drome? **Vertel** daarvan.

(40)

OF

1.7 Skrif die nommer van die illustrasie wat jy kies bo-aan die skryfstuk en voorsien die skryfstuk van ? opskrif. Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan bv. verhalend, nugter-beredenerend, bespiegelend of beskrywend wees.

(40)


1.7.1



(Uit: Rapport, 24 April 2005)

OF

1.7.2



(Uit: Tydskrif Rapport, 27 Februarie 2005)

OF

1.7.3



(Uit: *Wild en Jag*, Januarie 2005)

TOTAAL VIR AFDELING A: [40]

AFDELING B  
FUNKSIONELE SKRYFWERK

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord TWEE opdragte van 20 punte elk en EEN opdrag van 10 punte.
- Beantwoord TWEE opdragte uit Vraag 2 en EEN opdrag uit Vraag 3.

Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas

**VRAAG 2**

Kies TWEE opdragte van 20 punte elk uit Vraag 2.  
Die lengte van elke skryfstuk moet **180 – 200** woorde wees.

2.1

**Laat mishandelaars by DBV dien**

Ek kan nie dink dat iemand ? kat in ? mikrogolfoond sit en dink dit is katekwaad nie. Só ? persoon het regtig dringend hulp nodig.

Enige mens wat liefde vir diere het, het liefde vir sy medemens. Ek het al gesien as iemand diere mishandel, behandel hy/sy die mense om hom/haar ook nie baie goed nie.

Mense kom te maklik skotvry daarvan af met verskonings.

Swaar boetes en tronkstraf gaan nie help nie; sulke mense moet gemeenskapsdiens doen by ? DBV sodat hulle kan leer om diere liefdevol te hanteer en behoorlik te versorg.

□ Susan, Thabazimbi

(Uit: *Beeld*, 23 Mei 2005)

Lees die bostaande brief wat in *Beeld* verskyn het deur en reageer daarop in ? **brief aan die pers**.

(20)

OF

2.2 In die ewige soeke na innerlike en uiterlike skoonheid beland jy soms in ? bad vol melk of kleur jy jou kop oranje. Wat is die lafste ding wat jy al gedoen het? Skryf daarvoor in jou **dagboek**.

(20)

OF

2.3 Skryf ? **koerantberig** met die opskrif **Rowers slaan toe met haelgeweer en slang.** (20)

OF

2.4 Jou beste vriend/vriendin by die skool gebruik dwelms. Jy weet hy/sy doen dit nie gereeld nie, maar omdat hy/sy baie probleme by die huis het, is dit ? manier van ontsnap. Jy is egter bang dat hy/sy verslaaf gaan raak. Jy wil nie eintlik betrokke raak nie, maar sien geen ander uitweg nie.

Skryf ? **brief** aan ? gesagspersoon wat jy vertrou. Vertel hom/haar hiervan en vra raad. (20)

OF

2.5 Daar het ? oulike kitskos-restaurant, gemik op tieners se eetbehoefte, in jou omgewing geopen. Jy en jou vriende het dit probeer. Skryf ? **resensie** daarvoor vir plasing in julle plaaslike koerant se tienerrubriek. (20)

OF

2.6 Jy is voorsitter van ? jeugkomitee wat baie gesteld is op ? “groen omgewing” vir die gemeenskap. Jy was baie ontsteld nadat jy die onderstaande berig in ? plaaslike dagblad gelees het en is deur jou komitee afgevaardig om ondersoek in te stel na die aangeleentheid.

Skryf jou **ondersoekverslag**. Gee aandag aan die volgende:

- Die opdrag oor en doen van die ondersoek
- Ondersoekmetodes
- Duur van ondersoek
- Bevindings
- Gevolgtrekking
- Aanbeveling

(20)

# Parke verdwyn net

## Ondersoek na dié verkope gevra

Wolfram Zwicker

Parke en oop ruimtes vir ontspanning verdwyn of verander teen so 'n tempo dat op die jongste Ekurhuleni-raadsvergadering versoek is dat alle verkope van of veranderings aan parke eers ondersoek word.

Luidens 'n verklaring van raadslid Tania Campbell van die DA het sy op die jongste raadsvergadering in 'n mosie gevra dat alle verkope van of veranderings aan die gebruik van oop ruimtes of parke binne die Ekurhuleni-metrogebied eers deur die sport-, ontspannings-, kunst- en kultuurkomitees bekyk word.

"Die mosie was daarop gemik om te verseker dat alle verkope van oop ruimtes en formele of informele parke eers deur die portefeuljekomitee bespreek word voordat dit na die regs- en korporatiewe komitee gestuur word vir afhandeling," het sy gesê.

Sy het ook voorgestel dat voorsiening gemaak word vir openbare deelname en dat die raadslid van die betrokke gebied die geleentheid gegun word om insette te lewer.

"Ek voel die maatreëls is uiters noodsaaklik omdat ons parke en oop ruimtes teen 'n ongekende tempo verdwyn," het sy gesê.

(Uit: *Beeld*, 9 Maart 2005)

[40]

EN

### VRAAG 3

- Kies EEN opdrag van 10 punte uit Vraag 3.
- Die lengte van die skryfstuk moet **80 – 100** woorde wees.

- 3.1 Jy woon oorsee. Jou ma het 'n geleentheid om vir jou 'n pakkie eetgoed uit Suid-Afrika saam met iemand te stuur. Stuur vir haar 'n **faksboodskap** met jou versoek vir alles wat jy baie graag wil hê wat jy nie daar oorsee kan kry nie.

(10)

OF

- 3.2 Die onderstaande briefie het in 'n weeklikse rubriek, **Kry antwoorde op jou kwelvrae**, van 'n tydskrif verskyn.

#### Hip-hop is in

My pa wil 'n oorval kry oor my en my maats se klere! Hy sê ons sterte steek uit en ons lyk *terrible*, maar dis net oor naweke én dis mode. Ek is 16. Ons doen goed op skool en maak nie droog nie! Kan jy hom nie oortuig nie?

Tiener op K

Skryf jou **raad** aan Tiener op K.

(10)

b.o.

OF

- 3.3 Jou geliefde troeteldier het weggeraak. Stel ? **kennisgewing** saam wat jy in jou omgewing wil versprei om te kyk of jy hom nie kan opspoor nie. (10)  
[10]

TOTAAL VIR AFDELING B: [50]

AFDELING C  
LITERATUURSTUDIE

- Hierdie Afdeling tel 30 punte.
- Jy moet EEN vraag uit hierdie Afdeling beantwoord.
- Die vrae handel onderskeidelik oor **Boeket** (Tony Links e.a.) en **Verlore Paradyse** ( N.J. Snyman).
- Beantwoord dus net EEN vraag oor die boek wat jy behandel het.

**BOEKET** (Tony Links e.a.)

Beantwoord die kontekstuele vraag (Vraag 4) OF die paragraaftipe vraag (Vraag 5).

OF

**VERLORE PARADYSE** (N.J. Snyman)

Beantwoord die kontekstuele vraag (Vraag 6) OF die paragraaftipe vraag (Vraag 7).

**VRAAG 4**

Bestudeer die volgende teksfragment en beantwoord die vrae:

**Uit: DIE MIER, DE EERBIED EN DE ROEM** – Anton Koolhaas

1 Suiker is energie en dat was een gelukkige bijkomstigheid. Toe hij zijn plan gemaakt had, nam hij wat suiker van de klont en al gauw kreeg hij haast om aan zijn tocht te beginnen. Hij besloot de hele tijd aan een korte kant van die suikerklont te duwen, want als hij hem dan tegen een of andere obstakel aanschoof, hoefde hij niet die hele klont langs te  
5 rennen om te kijken wat het was, maar alleen een stuk van de korte kant! Bovendien zou hij alleen maar eten van de plaats waar hij duwde. Dan zou daar weliswaar een kleine uitholling ontstaan, maar de meeste mieren die hem bij zijn aankomst zouden zien, konden daar nauwelijks een ongerechtigheid in vermoeden, omdat de kans dat ze ooit een dubbele  
9 suikerklont in zijn geheel hadden gezien, verwaarloosbaar was en van degenen die er wél eens een aanschouwd hadden mocht men aannemen dat ze de zaak zoveel te interessanter vonden, omdat ze de anderen er op konden wijzen.

Des ochtends om half zeven maakte de mier de klont los van de onderste tree en  
13 begon hij aan een smalle kant te duwen, in de richting van de weg naar het grote bos. Hij bereikte die weg een jaar later. Hij was toen al een beetje misvormd door het duwen. Zijn arme, altijd maar met hun uiterste kracht zich afzettende pootjes bonden – wat zelfs bij de allernijverste mieren nooit voorkomt – ballonkuiten, zijn ogen stonden dof, het  
17 aantal van zijn verschrikkelijke belevenissen gingen die van een frontsoldaat verre boven. De enige meevaller die hem wachtte was, dat de grote weg geen betonweg meer was, maar kort geleden was geasfalteerd. Maar hij had in de tussentijd zoveel suiker geeten van de plaats

21 waar hij duwde, dat daar een hele tunnel was ontstaan, waarin hij zo ver verdween, dat nog  
 25 maar twee pootjes zich echt goed konden afzetten tegen het asfalt, toen hij dat bereikt had.  
 Hij moest de bodem uit de tunnel opeten om weeral zijn poten te kunnen gebruiken,  
 Wel had hij de voldoening gehad op zijn tocht door de stad, enkele honderden miere  
 29 te ontmoeten, die geïnformeerd hadden naar zijn doel en de laatste twee maanden hadden  
 een paar van de mieren die naar hem toekwamen, meteen gezegd: "U is zeker die mier, die  
 op weg is met de dubbele suikerklont!" "Inderdaad", had hij geantwoord. Meer niet.  
 De eerste maanden van zijn tocht langs de grote weg naar het bos, duwde hij met zijn  
 33 kop in het halfdonker. Hij verplaatste de klont precies op de rand van het asfalt en de zachte  
 berm en de autobanden gingen vaak zo dicht langs hem heen, dat hij op het laatst maar blij  
 was ook, dat hij nu in het donker liep. Soms waren die razend snelle banden echter zó  
 dichtbij, dat hij met klont en al in de berm geblazen werd en dan moest hij aan de lange kant  
 37 duwen en worstelen om hem weer op het asfalt te krijgen; wat verschrikkelijk was. Aan de  
 andere kant wisten nu bijna alle mieren die hij tegenkwam van hem af! En dat betekende dat  
 zijn roem hem voortuit ging, nu hij de grootste mierenhoop van de wereld begon te naderen.  
 Wat heel vervelend was, bleek het verlangen van sommige mieren om hem te gaan  
 41 helpen. Het kon niets anders, of dit zou zijn prestatie verminderen en als het er veel zouden  
 worden dan had je nog wel kans op een dolle boel, zodat hij niet eens in een eerbiedige stilte  
 aan zou komen, maar mogelijk opzettelijk als bedrieger genegeerd zou worden. Hij besloot  
 een paar dagen rust te houden en dat was maar goed ook, want het begon te regenen. Dat  
 45 was hem op zijn tocht door de stad ook een paar keer overkomen en toen hij merkte dat de  
 bovenste randenvan de suikerklont af te ronden, doordat er iets van de suiker smolt, had hij  
 de klont dan altijd ergens naar toe geduwd, waar hij tegen het regenwater beschermd was.  
 Maar dat was langs de grote weg natuurlijk veel moeilijker. Hij moest nu de berm wel in met  
 zijn vracht en die onder een groot blad zien te duwen. En als het erg regende, moest hij  
 soms zelf al het bos in vluchten. Zijn tocht werd dus zwaarder en zwaarder, want ook het  
 weggagen en het vechten met de ongewenste meeduwars, begon hoe langer hoe meer  
 aandacht te vergen.

- 4.1 Wat maak hierdie suikerklont so uitsonderlik? (1)
- 4.2 Waarheen is die mier met die suikerklont op pad? (2)
- 4.3 Wie of wat was volgens r. 14 al misvorm? (1)
- 4.4 Skryf ? woord uit r. 28 neer wat daarop dui dat die mier se tog baie lank geduur het. (1)
- 4.5 Dui die verskil aan tussen r. 24 – 25 en r. 33 – 34. (2)
- 4.6 Watter tegniek gebruik die skrywer in r. 47 om die moeisaamheid van die mier se tog te beklemtoon? (1)
- 4.7 Waarom wil die mier nie hê dat ander hom met die stootwerk moet help nie? (2)
- 4.8 Noem TWEE wyses waarop die suikerklont algaande kleiner word. (2)
- 4.9 Waarom was die mier se oë aan die einde vier keer groter as normale mieroë? (2)
- 4.10 Aan die einde is die mier dood. Wat presies het die ander miere met die suikerklont gemaak? (2)

- 4.11 Volgens die verhaal het die mier geen roem nagejaag nie. Toe hy die suikerklont sien, het hy anders besluit. Waar presies het die mier die suikerklont teëgekom? (1)
- 4.12 Lees weer r. 1. Die implikasie van hierdie woorde is tweërlei: positief én negatief. Sê kortliks wat die positiewe en die negatiewe behels. (2)
- 4.13 In r. 17 word die verskriklike belewenisse van die mier met iets of iemand anders se belewenisse vergelyk. Wie of wat is die ander persoon of ding? (1)
- 4.14 Waarom het die klont gehawend begin lyk (r. 22)? (1)
- 4.15 Was die mier se lewenstog sinvol? Motiveer jou antwoord. (2)
- 4.16 Die mier wou die suikerklont sonder ander se hulp stoot. Watter nut sou sy daad gehad het as hy ander miere se hulp aanvaar het? (1)
- 4.17 Volgens die Bybel kan die mens baie by die mier leer. Noem TWEE dinge wat die mens by die mier kan leer. (2)
- 4.18 Waarom het die mier besluit om aan die kort kant van die suikerklont te stoot (r. 3 en verder)? (2)
- 4.19 Hoe is die dooie mier met suikerklont en al gou vergeet? (2)
- [30]**

**OF**

5.1 **EEN HEER IN DE TREIN** – Simon Carmiggelt

Al lesende leer ons twee karakters in hierdie kortverhaal ken: die heer en die verteller.

Beskryf hierdie twee karakters in 'n goed beplande opstel van **300 – 400** woorde en konsentreer op die volgende hoofpunte:

- Verduidelik hoe die verteller en die meneer van mekaar verskil; uiterlik (hulle voorkoms) maar ook wat hulle persoonlikhede betref.
- Watter drie komiese insidente word in die verhaal uitgebeeld?
- Gestel jy was die verteller. Sou jy presies net so opgetree het, of sou jy anders opgetree het? Motiveer jou standpunt.
- Watter les het jy uit hierdie kortverhaal geleer? (20)

**EN**

5.2 **DE MIER, DE EERBIED EN DE ROEM** – Anton Koolhaas

Met die lees van hierdie verhaal het jy beslis lewenswaardes geleer. Skryf 'n goed beplande opstel van **180 – 200** woorde waarin jy verduidelik tot watter insig jy oor die najaag van roem gekom het. Verduidelik jou siening met voorbeelde uit die verhaal.

(10)  
**[30]**

OF

**VERLORE PARADYSE** (N.J.Snyman)

Beantwoord hier Vraag 6 OF Vraag 7.

**VRAAG 6**

Bestudeer die volgende twee teksfragmente en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**DIE SKERPIOENE – Paul C. Venter**

- 1 Anderkant die knop staan twee huise bokant die ivier wat hier deur die vleigoed skuif  
om breed en plat n die see uit te mond. ? Paar flaminke ghrop in die vlak kant en ? wit wolk  
sterretjies sweef gillend see toe. Om die huise is soutbos en kameelvoet en wilde arys en  
4 doublom en malva. Die een huis staan al ? jaar leeg; ou Bekkie Viljee het twee jaar of twee  
duisend rand vir kreefsmokkel gekry, toe vat hy maar dietwee jaar. Sy vrou bseer nou op  
Vredendal en werk as tilslaner in Melzers.
- 7 Hulle huis lyk ook maar verlate, sien Frannie. Op die windhok, altyd vol rooikranshout  
gepak, sit daar nie meer mak duiwe nie. In die hondehok agterdie skadunet op die  
agterstoep lê daar nie meer ? kroesstertbrak met ? lawwe grinnik op sy gevreet nie.
- 10 In die huis ruik hy net siekte. Weg is die geur van waatlemoenstukke en potbrood en  
smoorsnoek. Vandat sy ma so siek geword het, het sy pa dinge maar hul gang laat gaan. Sy  
pa is ? goeie visserman, maar voor ? stoof het hy twee linkerhande.
- 13 “Frannie?”  
“Ja?”  
“Moenie aanstoot vat nie, gehoor. Sy raak maar al hoe meer van ? walskipper. Doen  
17 dit, doen dát. Sy bedoel dit nie.”  
“Ek weet, Pa.”  
Hy gaan in die siekekamer in. Dis donker van die geel kantgordyn en die mis voor die  
19 son. Hy voel die hoendervel uitslaan.  
Vier maande terug, toe hy laas hier was, kon sy ma nog opsit en glimlag. Nou lê sy  
plat en strak soos ? lyk in ? kis. Hy het g'n diagnose van Dok Gryspiet se slim maat nodig  
22 om te weet dat sy nie weergaan opstaan nie.  
“Frannie?”  
“Hallo, Ma.”  
25 “Kyk hoe lank het jy geword, net bene. Soentjie?”  
Hy doen dit teësinnig. Haar lippe is droog. Sy ruik na ou sweet en balsemkopiva. Haar  
vingemaels steek in sy arm.
- 28 “Moenie vir jou pa sê nie,” fluister sy. “Dis ons geheimpie. Doen dit net.”  
“Wat?”  
“Sjuut! Jy weet mos.”  
31 Hy het nie die vaagste benul waaroor dit gaan nie. In die gang staan sy pa massief en  
geboë. Die kromsteelpyp het doodgegaan.  
“Wat práát sy?” fluister Frannie.
- 34 Sy pa beduie met die oë kombuis toe. Hulle loop sit aan die bloekomhouttafel wat al  
so geskrop is dat die houtweefsel hier en daar soos wit perlemoenpote lyk. In ? vlakbord lê  
pienk gif en ? brommer dryf daarin.
- 37 “Wat moet ek Pa nie sê nie?”  
“Kreef. Ag, sy vra almal wat hier kom, nê net vir my nie. Sy’s lus vir kreef.”  
“Nou?”  
40 “Nou dink vir jouself. “Sy pa is meteens kwaad. “Dis nog vyf maande voor die seisoen  
oopmaak. En vanlat Bekkie Viljee bloubaadjie gekry het, is die hele Skulpbaai vrekbang vir  
smokkel. Die kreefspietkop boer hier. Jy kan maar sê dag vir dag kom sy bakkie hier oor die

43 knop en dan kom drink hy kamma koffie.”  
Die rooi hande gaan toe op die tafel. Een van daardie vuiste, weet Frannie, kan ?  
46 kreefinspekteur se hele toekoms verongeluk. Toe hy in standerd ses was, het sy pa eenkeer  
? yslike visserman met die een hand opgetel en van die skuit af in die baai gegooi. Die  
manne praat nou nog daaroor.

- 6.1 Wat is sintuiglik ongewoon in r. 3? (1)
- 6.2 Waarom is Bekkie Viljee se huis leeg? (3)
- 6.3 Om watter rede is daar nie meer die geur van waatlemoenstukke, potbrood en smoorsnoek in die huis (r. 10 – 11) nie? (1)
- 6.4 Wat word daarmee bedoel as gesê word Frannie se pa het twee linkerhande voor ? stoof? (1)
- 6.5 Watter natuurelement(e) in r. 18 – 19 ondersteun die mistroostige stemming in die siekekamer? (1)
- 6.6 Frannie en sy ma het mekaar vier maande laas gesien. Verduidelik hoe
- 6.6.1 hy vir haar verander het, en (1)
- 6.6.2 hoe hy die agteruitgang by haar opmerk. (2)
- 6.7 Waarom soen Frannie sy ma teësinnig (r. 26)? (2)
- 6.8 Frannie se ma se woorde in r. 28 is vir hom Grieks. Skryf ? frase uit r. 30 – 31 neer wat motiveer dat hy haar nie verstaan nie. (1)
- 6.9 Verduidelik: **Sy pa beduie met die oë kombuis toe** (r. 34) in jou eie woorde. (1)
- 6.10 In r. 35 is ? vergelyking. Dui aan watter TWEE sake met mekaar vergelyk word. (2)
- 6.11 Waarom pas die woord **perlemoenpote** (r. 35) so goed in hierdie konteks? (1)
- 6.12 Waarom weet Frannie se pa dat sy vrou eintlik van kreef praat? (1)
- 6.13 Watter probleem skep dit dat Frannie se ma lus is vir kreef? (1)
- 6.14 Vir wie of om watter rede is Frannie se pa in r. 40 kwaad? (1)

EN

**SLAAPTYDSTORIE – Chris Barnard**

- 48 Sonder om teë te praat het hy gegaan. Kreunend onder die komberse ingekruip en my gelê en dophou. Behoedsaam. Gereed om weer te kom as ek ? tweede keer om hulp sou roep.
- 52 Toe die komberse terug was op die bed het ek omgedraai en na hom gekyk, stadig in die rigting van sy bed beweeg soos in die droom van flus. "Ouboet," het ek gesê, "wil jy weer jou storie hoor?"
- 56 Hy het skielik regop gesit. Gelag. Afskuwelik gelag van plesier. "Seblief, 'seblief! Dan slaap ek weer." Hy het die kussings agter hom reggekik en, kinderlik tevrede, sagte keelgeluidjies gemaak soos altyd as hy ingenome was.
- 60 Ek het langs hom op sy bed gaan sit en my hart verskriklik in my bors voel klop. Hóór klop. Ek kon dit nie help nie. Ek was bang. My hande het gebewe en ek kon nie ? woord kry om mee te begin nie.

- 6.15 Die verteller in hierdie verhaal se gewete pla hom. Waarom? (1)
- 6.16 In r. 59 lees ons die verteller was bang.
- 6.16.1 Watter uiterlike tekens was daar dat hy bang is? (1)
- 6.16.2 Gee TWEE redes vir die verteller se vrees. (2)
- 6.17 Ouboet is 40 jaar oud. Hoe is dit moontlik dat hy **kinderlik tevrede** (r. 56) is? (1)
- 6.18 Watter tipe verteller is hier aan die woord? Gebruik r. 58 as leidraad. (1)
- 6.19 Waar was Ma en watter tipe vrou was sy? (2)
- 6.20 Wat is so ironies aan Pa en Ma se troue wat deur die verteller versin is? (1)
- 6.21 Wat was Pa se probleem? (1)
- [30]**

**OF**

**VRAAG 7**

- 7.1 Bespreek die volgende karakters as voorbeelde van tragiese figure in ? goed beplande opstel van **200 – 250** woorde:
- Hilda Sewes
  - Die verteller in **Slaaptydstorie** en
  - Die moeder in **Terugkeer van ? soldaat**.
  - Gee veral aandag aan die begrip **tragiese figuur**. (15)

## EN

7.2 Ruimte speel ? belangrike rol in die uitbeelding van bepaalde karakters se innerlike belewenis en menswees. Skryf ? opstel van **200 – 250** woorde waarin jy verduidelik hoe die ruimte ? bydrae maak tot die uitbeelding van die volgende karakters:

- Die moeder in *Terugkeer van ? soldaat*
- Frannie se menswees, asook sy ma s'n in *Die skerpioene*
- Die verteller se ondergang in *Slaptydstorie*. Dui kortliks aan hoe die nat klipkrans, die terugkerende duif, die kerktorings voor die son en die kraaie simboliese betekenis verkry.

(15)  
**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 120**